

**OMGEWINGSIMPAKBEPALING: VERHOGING VAN
YSTERERTSUITVOERKAPASITEIT VAN DIE SISHEN –
SALDANHA SPOORLYN TOT 93MTPJ**

INLIGTINGSDOKUMENT

**TRANSNET LIMITED
PRIVATE BAG X 20
2052 GALLO MANOR**



TRANSNET
LIMITED
(Registration No. 1990/000900/06)



SAAMGESTEL DEUR:



Safety, Health and Environmental Consultants

**Posbus 471
Paarden Eiland
Kaapstad
7420
Tel: 021 553 2500
Faks: 021 553 1851
Epos: info@shecape.co.za
Webwerf: www.shecape.co.za**

1 AGTERGROND

Algemeen

Transnet (Bpk) het SHE Cape Environmental (CC) aangestel om die Omgewingsimpakbepaling (OIB) vir die beplande kapasiteitsverhoging van die Sishen-Saldanha spoorlyn na 93 miljoen ton ystererts per jaar (MTPJ) te behartig.

Hierdie inligtingdokument beskryf die omvang van die projek en die breë omgewingskwessies daaraan verbonde. Dit beskryf ook die voorgestelde studiemetode, kommunikasie met die publiek en hoe die publiek kan deelneem aan die bestekopname van die omgewingsimpakte.

Projek Geskiedenis

Die Sishen-Saldanha spoorlyn (die spoorlyn) is 'n swaarvragspoorlyn wat gebou is om ystererts vanaf die myne naby Sishen tot Saldanhahawe te vervoer. Om die verbygaan van treine wat in teenoorgestelde rigtings beweeg moontlik te maak, word spoorlusse met tussenposes op 'n lyn geplaas. Die spoorlyn het van 'n aanvanklike 10 kruisingslusse \pm 90 km uitmekaar ontwikkel tot die huidige 19 lusse met tussenruimtes van \pm 45 km. Die ekstra lusse het die spoorlyn se kapasiteit verhoog van 18MTPJ na die huidige 38MTPJ. Verder is die spoorlyn geëlektrifiseer teen 50kV AC. 'n Kombinasie van elektriese en dieselelektriese lokomotiewe trek treine wat bestaan uit soveel as 216 trokke met 'n kapasiteit van 85-100 ton. Sien die kaart in Aanhangsel 1 vir meer besonderhede.



Die spoorlyn is voltooi in 1976 en die addisionele lusse was gebou tussen 2000 en 2003. In die daaropvolgende tydperk het planne gefokus op 'n kapasiteitsverhoging na 41MTPJ wat in April 2006 deur die Departement Omgewingsake en Toerisme goedgekeur is. Hierin word voorsiening gemaak vir die verlenging van lusse met ongeveer 1,5 km om die kruising van 342-trok treine moontlik te maak. Hierdie langer treine sal van radio-beheerde lokomotiewe op verskillende plekke in die trein gebruik maak om hul krag meer eweredig te versprei.

Die huidige OIB om na die doenlikheid van 'n verhoging in ertsuitvoerkapasiteit tot 93MTPJ te ondersoek is dus die nuutste stap in die omgewingsbeplanningsproses.

Transnet het R65 miljard oor die volgende 5 jaar bewillig vir die opgradering van verouderde infrastruktuur, trokke en lokomotiewe asook die verhoging van bedryfskapasiteit. 'n Beduidende deel van die voorgenome kapitaalinvesterings mik daarop om die ysterertsuitvoere op te stoot na 93MTPJ via die toegewyde Sishen-Saldanha spoorlyn en om daardeur buitelandse valutaverdienstes aansienlik te verhoog.

2 BESKRYWING VAN AKTIWITEIT

Ligging

Die ysterertslyn is 'n swaarvragspoorlyn wat strek oor 'n afstand van 861km tussen Saldanha in die Weskaap en Sishen in die Noordkaap. Die spoorlyn begin te Sishen waar erts ontvang word van die myne. Vanaf Sishen loop die spoorlyn verby Olifantshoek, Groblershoop, Kenhardt en daarna deur 'n yl bevolkte deel van die land na Vredendal. Vandaar volg die lyn die weskus verby Doringbaai, Lambertsbaai, Elandsbaai en Velddrif tot by Saldanha. Die spoorweglyn is verbind met die Klawer – Bitterfontein algemenevrag spoorlyn by Lus-04 (Knersvlakte) naby Vredendal. Belangrike punte op die roete sluit die volgende in; "Halfweg" of "Lus-10", wat 'n herbemanningspunt is, en die Salkorwerf by Saldanha, waar treine in korter stukke verdeel word om die erts by die hawe af te laai. Die Sishen-Saldanha spoorlyn vervoer swaarvragverkeer en slegs enkele publieke spooroorgange bestaan. Buiten die enkele nabygeleë dorpe loop die lyn hoofsaaklik deur landelike gebiede.

Bestek van Projek

Die kapasiteitsverhoging kan op verskillende maniere bereik word. Die volgende moontlike opsies word deur middel van die Omgewingsimpakstudie ondersoek :

1. Langer en swaarder treine (420 trokke X 100t vrag), in teenstelling met die treine van 216 trokke wat tans loop asook die swaarder treine bestaande uit 342 trokke, soos beplan word om 'n ertsuitvoerkapasiteit van 41mtpj te behaal.
2. Meer treine per week – gelaaiete treine sal vermeerder word na 44 per week, met 'n nominale 2.2 ure tussen treine.
3. Die voorsiening van addisionele toerusting, fasiliteite en ander infrastruktuur soos benodig vir die ondersteuning van 'n uitgebreide spoorwegsisteem.
4. Voorsiening van bykomende lusse op gereelde tussenposes om kruistye verder te verminder of om bedryfsprobleme langs sekere dele van die spoorlyn op te los.
5. Die verlenging van 19 lusse met 'n bykomende 1,5 km per lus om die kruising van treine met 420 trokke moontlik te maak.
6. Moontlike uitbreiding van die Salkor-Noord werf, soos beplan onder die 41MTPJ goedgekeurde ontwikkeling, om 'n funksionele aankoms- en vertrekwerf te vorm.
7. Opgradering van die oorhoofse kragtoevoer vir lokomotiewe, insluitend die verandering en voorsiening van nuwe substasies en / of transmissielyne en transformators. Die voorsiening van kraglyne aan enige nuwe substasies op Transnet eiendom sal as 'n Eskom aangeleentheid hanteer word.
8. Die verskaffing van addisionele lyne en instandhoudingsfasiliteite by sekere werwe, opgradering van fasiliteite vir bemanning en lokomotiefinspeksie, sowel as verkryging van nuwe grond of serwitute waar nodig, en moontlike opgradering van dienste deur instansies soos Munisipaliteite.



3 PROSES VIR DIE GOEDKEURING VAN DIE OMGEWINGSIMPAKBEPALING

Die projek word volgens die Wet op Omgewingsbewaring (Wet 73 van 1989) en die Omgewingsimpakregulasie onder Staatskennisgewing R1183 uitgevoer. Laasgenoemde regulasie bepaal dat die bou van 'n spoorlyn 'n gelysde aktiwiteit is, wat magtiging vereis van die Nasionale Departement van Omgewingsake en Toerisme (DOT) in raadpleging met die relevante Noord- en Weskaap Provinsiale Departemente.

Die Omgewingsimpakregulasies onder die Wet op Omgewingsbewaring (1989) is vervang deur die nuwe regulasies soos vervat in afdeling 24 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998), ook bekend as NEMA. Die aansoek was ingedien voor die 1^{ste} Julie '06 en is oorspronklik goedgekeur as deel van 'n breër studie van die Ysterertsuitvoerkanaal. Daarom sal die studie plaasvind onder die 'ou' regulasies soos vervat in Staatskennisgewing R1183 van die 5^{de} September 1997. Die studie sal egter enige aktiwiteite wat gelys is onder die nuwe NEMA regulasie insluit en aanspreek.

Die projek is tans in sy Bestekopnamefase. In dié fase word die basiese omgewingskwessies wat ter sprake is geïdentifiseer. Hiermee word alle impakte en belange wat na vore gebring word, gegroepeer, om die belangrikheid daarvan te kan bepaal. Beduidende kwessies wat nie na bevrediging gedurende die Bestekopnamefase gehanteer kan word nie, sal na die Omgewingsimpakstudiefase oorgedra word vir gedetailleerde ondersoek.

Die grense van hierdie Omgewingsimpakbepaling strek vanaf Sishen tot by die Vredenburg pad oor spoor brug, 1,8km noord van Salkor werf by Saldanha. Die gevolge en omgewingsimpak van die moontlike kapasiteitsopgradering van Saldanhahawe en die Salkorwerf word as 'n aparte OIB gehanteer.

4 POTENSIËLE OMGEWINGSKWESSIES

Kwessies wat gedurende vorige studies geïdentifiseer is word hieronder genoem en sal saam met enige nuwe kwessies wat ter sprake mag kom aangespreek word in die Bestekopname:

- Grondversteuring as gevolg van die verlenging van lusse,
- Grondversteuring a.g.v. van leengroewe,
- Geraas gekoppel aan 'n toename in treinverkeer,
- Konstruksieaktiwiteite en gepaargaande steurnis, spesifiek by nuwe of verlengde lusse,
- Hoër risiko vir voetgangers en padverkeer,
- Vrylating van stof gedurende konstruksie en ertsstof vanaf bewegende treine,
- Estetiese effek (skoonheidswaarde) op die landskap en die landelike atmosfeer by lusse,
- Negatiewe effek op grondeienaars a.g.v onregmatige betreding, stropery, rommelstrooi en sosiale effekte,
- Effek op terrestriële-, rivier- en kusekologie in sensitiewe areas.



5 PUBLIEKE DEELNAME EN REGISTRASIE.

Wye en deursigtige publieke deelname is 'n kritieke deel van die Omgewingsimpakstudie en die goedkeuringsproses. Die projek sal geadverteer word en die publiek word aangemoedig om deel te neem deur die registrasievorm te voltooi. Dit sal verseker dat u as 'n belanghebbende of belangstellende party geregistreer word. Alle geregistreerde partye sal ingelig en op hoogte gehou word van die projek, spesifiek oor hoe belange en voorstelle gehanteer word in die besluitnemings proses.

Aangeheg is 'n Registrasievorm wat voltooi en geteken moet word om u as belanghebbende of belangstellende party gelys te kry. Ons moedig alle belanghebbende en / of belangstellende partye aan om kommentaar en belange aan te teken op die registrasievorm sodat dié aangespreek kan word gedurende die Bestekopname. Vir enige addisionele afskrifte van die aangehegte registrasievorm is u welkom om afdrukke te maak, of die SHE Cape kantore te kontak by (021) 553 2500. Alle terugvoering moet **gepos** word aan SHE Cape Environmental CC, Posbus 471, Paarden Eiland, Kaapstad, 7420, of **gefaks** word na (021) 553 1851. Let asseblief op dat u binne 21 dae as 'n belanghebbende en / of belangstellende party kan registreer maar nie later as **Maandag 4 Desember 2006** nie.



SHE Cape Environmental (CC) vertrou dat bogenoemde inligting behulpsaam is. Moet asseblief nie huiwer om ons te kontak indien u enige verdere inligting verlang nie.